basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE V1

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering mag toegepas word nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae van daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die deelpunt as 'n bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LW:** Waar syfers aangedui word in die nasienriglyne vir komponente/bewerkings, dra dit nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit aangedui word, kan deelpunte toegeken word om die verskil in die kwaliteit van kandidate se antwoorde aan te dui.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items, indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag).
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerde hantering kan impliseer. Aanpassings word gemaak op grond van die nuanses/konteks van sekere vrae.
9. Waar strafpunte toegeken word, kan die finale punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
10. Waar metodepunte vir 'n bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. **LW:** Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ soos per kandidaat se berekeninge (indien geldig) of soos per nasienriglyne wees.
12. Met bewerkings moet geen punte vir bewerkings toegeken word waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
14. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan toon.
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 **Bereken die waarde van eindvoorraad deur gebruik te maak van die spesifieke identifikasiemetode op 28 Februarie 2026.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
Hidance [400 + 575 – 66 – 820] (7 105 x 100/145) drie punte 89 ✓ x 4 900 ✓☑ 436 100 **Ketwood** een punt een punt (3 819 800 + 2 690 000) drie punte 6 509 800 ✓✓ – 5 519 880 ✓ 989 920 OF 5 519 880 – 3 819 800 – 2 690 000 een punt een punt een punt	1 426 020 ☑ een deel korrek som van beide bedrae

Moenie vol punte toeken as enige ekstra syfer/s bygetel is nie

7

1.2 **Bereken die totale bedrag van vaste deposito op 28 Februarie 2026.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
29 250 x 100/7,5 OF (480 000 – 90 000) 6 750 x [100/7,5 x 12/9] 390 000 ✓☑ + 120 000 ✓☑	510 000 ☑ een deel korrek som van beide bedrae

Moenie vol punte toeken as enige ekstra syfer/s bygetel is nie

5

1.3 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2026

BATES			
NIEBEDRYFSBATES			6 795 000 ☑*
Vaste Bates	(6 680 600 – 395 600)		6 285 000 ✓✓
Finansiële bates: Vaste Deposito	sien 1.2	**4**	510 000 ☑
BEDRYFSBATES			2 430 000 ☑*
Voorraad	(1 426 020 sien 1.1 + 8 330) Ken een punt toe as enige van bg. twee syfers finale antwoord is		1 434 350 ✓☑*
Handels- en ander Ontvangbare bedrae Oordrag sien H&AB VOS Advertensies **(376 700** – 5 200 ☑ – 7 100 ✓✓ + 16 250 ✓✓)			380 650 ☑*
Kontant en kontantekwivalente	[610 300 + 4 700]		615 000 ✓✓
TOTALE BATES	NBB + BB	**12**	9 225 000 ☑
EKWITEIT EN LASTE			
AANDEELHOUERSEKWITEIT	(8 383 720 – 1 263 720 sien NBL)		7 120 000 ☑☑ TKA – NBL
Gewone aandelekapitaal	AHE – BI; kan -ve wees		6 300 000 ☑ Moenie '0' aanvaar
Behoue inkomste		**3**	**820 000**
NIEBEDRYFSLASTE			1 263 720
Lening: DBN Bank [– 291 840 + 207 000] [291 840 – 181 200] 1 459 200 ✓ – 84 840 ✓✓ – 110 640 ✓✓		**6**	1 263 720 ☑*
BEDRYFSLASTE			841 280 ☑*
Handels- en ander Betaalbare bedrae Oordrag IT Ondersteun. Huurink. **(392 050** – 5 200✓ + 10 080 ✓✓ + 21 470 ✓✓) [50 400 – 40 320] [10 735 + 10 735]			418 400 ☑*
Korttermyn lening	sien NBL		110 640 ☑
SAID: Inkomstebelasting	[516 150 – 493 710]		22 440 ✓✓$
Aandeelhouers vir dividende	[1 260 000 x 0,23]		289 800 ✓✓$
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	AHE + NBL + BL	**13**	9 225 000 ☑

38

* een deel korrek
$ ondersoek KT Lening, SAID Ink. en AvD kan by H &AB ingesluit wees
-1 vreemde items (maks. -2), -1 aanbieding (maks. -1); plasing ken slegs punte vir bewerkings toe

TOTALE PUNTE
50

VRAAG 2

2.1

2.1.1	Onwaar	✓	
2.1.2	Waar	✓	
2.1.3	Onwaar	✓	

3

Aanvaar herkenbare afkortings (W/O)

2.2 METRO BPK.

2.2.1 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA

Saldo op 1 April 2025		**986 000**	
Netto wins na belasting	[952 000 x 72/28]	2 448 000	✓✓
Terugkoop van aandele (230 000 x R1,20) OF 1 380 000 – 1 104 000 Moenie '0' of 230 000 as antwoord aanvaar nie		(276 000)	✓☑*$
Gewone aandele dividende	Int. + Finaal	(2 310 000)	☑$
Interim (tussentydse) Moenie '0' of 2 400 000 as antwoord aanvaar nie	(2 400 000 x 0,42)	1 008 000	✓☑*
Finale		**1 302 000**	
Saldo op 31 Maart 2026 ondersoek (+NWNB – TVA – GAD)		848 000	☑*

8

*een deel korrek
$ ignoreer hakies
-1 aanbieding/besonderhede (maks. -1)

2.2.2 KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2026

KONTANTVLOEI VAN BEDRYFSAKTIWITEITE		**(1 557 140)**
Kontant gegenereer uit bedrywighede		
Rente betaal		**(126 800)**
# Inkomstebelasting betaal (952 000 ✓ – 81 000 ✓ – 20 200 ✓) **OF** – 952 000 + 81 000 + 20 200		(850 800) ☑*@
# Dividende betaal (741 000 ✓ + 1 008 000 ☑) **OF** 1 302 000 – 3 051 000 sien 2.2.1 een punt een m punt **7**	see 2.2.1 [2 310 000 + 741 000]	(1 749 000) ☑*@
KONTANTVLOEI VAN BELGGINGSAKTIWITEITE		**(598 660)**
Aankoop van vaste bates		
Opbrengs met bateverkope		
Verandering in finansiële bates [760 000 – 540 000] **1**		220 000 ✓
KONTANTVLOEI VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE		2 345 500 ☑
Opbrengs uit aandele uitgereik	(450 000 x R10)	4 500 000 ✓
Aandele teruggekoop (230 000 ✓ x R6 ✓☑) **OF** 1 104 000 + 276 000 [4,80 + 1,20] twee punte een m.punt sien 2.2.1	[230 000 X 4.80] sien 2.2.1	(1 380 000) ☑*@
Verandering in lening [3 027 300 – 2 252 800] **7**		(774 500) ✓
NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE	Ondersoek (BA+BA+FA)	189 700 ☑*
Kontant en kontantekwivalente aan begin [12 800 – 122 850]		(110 050) ✓✓ Geen hakies, ken een punt toe
Kontant en kontantekwivalente aan einde **3**		

18

* een deel korrek en moet korrekte bewerking toon & korrekte gebruik van hakies
# Wees bedag op alternatiewe bewerkings soos grootboekrekeninge of gebruik van hakies of omgeruilde tekens;
Vir omgekeerde tekens, verseker slegs een opsie word deurgaans gemerk
Indien geen hakies, aanvaar antwoord as invloei van kontant of omgekeerd
@ As korrekte bedrag getoon word sonder hakies & bewerkings, ken slegs alle punte vir bewerkings toe.
-1 aanbieding (maks. -1); ken slegs punte vir bewerkings van misplaaste items toe.

2.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 31 Maart 2026:

Skuld-ekwiteit-verhouding

BEWERKINGS	ANTWOORD
een punt een m punt (10 416 000 + 848 000 sien 2.2.1) 2 252 800 ✓ : 11 264 000 ✓☑	0,2 : 1☑ een deel korrek in vorm x : 1

4

Netto batewaarde per aandeel

BEWERKINGS	ANTWOORD
sien SE $\frac{11\ 264\ 000}{2\ 170\ 000}$ ☑ ✓ x $\frac{100}{1}$	519,1 sent ☑ een deel korrek Aanvaar R5,19 /R5,20 bereken as R/c; R/c nie vereiste

3

Vuurproefverhouding

BEWERKINGS	ANTWOORD
[1 712 650 – 405 430] 1 307 220 ✓✓ : 2 178 700 ✓	0,6 : 1 ☑ een deel korrek in vorm x : 1

4

'x 100' verteenwoordig nie 'een deel korrek'.
Noemer en teller moet as sodanig gemerk word.
Moenie punte toeken aan enige alleenstaande syfers nie bv. geen punt as enige iets ander by R2 252 800/ 2 170 000 / 1 307 220 / 2 178 700 getel is nie.

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 3

3.1 Winsgewendheid/Bedryfsdoeltreffendheid:

Verduidelik hoe die verandering in die winsopslagpersentasie die maatskappy bevoordeel het. Noem EEN punt met syfers.

Enige EEN geldige punt ✓ Syfer/s met tendens ✓

- Die bruto wins het toegeneem (van R26 520 000) tot R34 780 000/met R8 260 000/met 31,1%
- Die verkope het afgeneem (van R70 720 000) tot R78 255 000/met R7 535 000/met 10,7%

2

Die direkteure is van mening dat die maatskappy se bedryfsuitgawes doeltreffend bestuur word. Verduidelik en haal TWEE finansiële aanwysers aan om hulle mening te ondersteun.

Finansiële aanwysers met syfers met tendens ✓ ✓ Verduideliking/kommentaar ✓ ✓

- % bedryfsuitgawes op verkope het toegeneem (van 15,6%) tot 16,1%/met 0,5%-punte/met 3,2%
  Effektiewe kostebeheer en doeltreffende bestuur van uitgawes is gereflekteer.
  Hierdie verhoging is laer as die inflasiekoers (5,2%)

- % bedryfswins op verkope het toegeneem (van 22,5%) tot 28%/met 5,5%-punte/met 24,4%
  Dit dui op 'n toename in winste, te danke aan doeltreffende beheer oor uitgawes.
  Handhawing van lae bedryfsuitgawes het tot verbeterde winste bygedra.

Moenie winsopslag % aanvaar nie.

4

3.2 Likiditeit:

Die direkteure is tevrede met die maatskappy se kredietbeleid. Haal aan en verduidelik TWEE relevante finansiële aanwysers om hierdie stelling te staaf.

Finansiële aanwysers met syfer/s met tendens ✓ ✓ Verduideliking/kommentaar ✓ ✓

- Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode het verbeter/verminder (van 34 dae) tot 29 dae/met 5 dae.
  Invorderings geskiet vinniger en het kontantvloei verbeter.
  Opvolgprosedures verbeter/debiteure se betalingspatrone verbeter.
  Kredietbeheermaatreëls was effektief.

- Gemiddelde krediteure-betalingsperiode het verbeter/vermeerder (van 68 dae) tot 75 dae/met 7 dae.
  Krediteure word na invorderings van debiteure betaal.
  Meer kontant beskikbaar vir daaglikse bedrywighede voordat krediteure betaal word. / Vertraagde betalings versterk die besigheid se kontantvloei. / Uitgestelde betalings versterk die besigheid se kontantvloei.
  Optimale aanwending van verskaffers se kredietfasiliteit.

VIR VIER PUNTE:
Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode verbeter tot 29 dae terwyl die gemiddelde krediteurebetalingsperiode het verbeter tot 75 dae. Dit reflekteer effektiewe kontantvloei bestuur deur kontant vroeër in te vorder en krediteure later te betaal.

4

Die direkteure is nie bekommerd oor die afname in die vuurproefverhouding nie want hulle voel dat die maatskappy steeds in 'n gunstige likiditeitsposisie is. Verduidelik en haal EEN ander relevante finansiële aanwyser aan om hulle mening te ondersteun.

Finansiële aanwysers met syfers ✓

- Voorraadomsetsnelheid het verbeter/vermeerder (van 3,9 keer) tot 6,2 keer/ met 2,3 keer.

Verduideliking/kommentaar ✓✓

- Gebaseer op die verbetering kan voorraad as 'n gunstiger bedryfsbate geag word.
- Voorraad is vinniger verkoop en vervang/verminder opeenhoping van voorraad/groter vraag na voorraad.
- Voorraad meer effektief in kontant omgesit, wat tot verbeterde likiditeit en kontantvloei lei / Meer fondse is beskikbaar is dag-tot-dag bedrywighede, wat tot verbeterde likiditeit en kontantvloei lei.

3

3.3 Opbrengs, verdienste en dividende:

Lewer kommentaar op waarom die aandeelhouers met die opbrengs op hulle belegging tevrede behoort te wees. Verduidelik en haal EEN finansiële aanwyser aan.

Finansiële aanwysers met syfers ✓

- Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) het verbeter/gestyg (van 17,6%) tot 29,8%/met 12,2% -punte/met 69,3%

Verduideliking/kommentaar ✓✓

- OOAB is hoër as die rentekoers op vaste deposito's (8%) .
- Die besigheid genereer hoër wins met kapitaal deur aandeelhouers belê.
- Aandeelhouers verdien beter waarde op hul belegging in vergelyking met alternatiewe lae risiko beleggings.
- Die opbrengs toon effektiewe aanwending van aandeelhouersfondse en goeie algehele finansiële prestasie.

3

Die verdienste per aandeel (VPA) is hoër as die dividende per aandeel (DPA). Verduidelik waarom die aandeelhouers steeds met die DPA tevrede sou gewees het. Noem TWEE punte met syfers.

Enige TWEE geldige punte ✓ ✓ syfer/s ✓ ✓

- DPA het verbeter/gestyg (van 56 sent) tot 106 sent /met 50 sent/89,3%
- Die maatskappy het steeds 25% (in 2026) verdienstes behou vir moontlike toekomstige projekte in vergelyking tot 28% (in 2025).
- Aandeelhouers ontvang hoër kontant opbrengste van 75% van hul belegging, verbeterde persoonlike opbrengste/hoë uitbetalingskoers van 75% toon dat die maatskappy beloning van aandeelhouers prioritiseer.
- Die styging in DPA van 89,3% reflekteer sterker winsgewendheid en vertroue in toekomstige verdienste.
- Dit het gelei tot 'n toename in uitbetalingskoers (van 72%) tot 75%./met 3%-punte.

4

3.4 Aandelewaarde:

Verduidelik wat die 'netto batewaarde' per aandeel weerspieël. Verskaf EEN punt.

Enige EEN geldige punt ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike antwoorde

- Dit weerspieël die boekwaarde van die aandele/toon die waarde van 'n aandeel volgens die rekeningkundige rekords van 'n maatskappy.
- Dit verteenwoordig die waarde van die gewone aandeelhouersekwiteit per aandeel.
- Dit word positief beïnvloed deur 'n verhoging in die behoue inkomstes van 'n maatskappy.
- Verskaf a maatstaaf van finansiële groei.
- Reflekteer die maatskappy se geakkumuleerde welvaart aan aandeelhouers nadat alle laste gedelg is.

2

Gee TWEE redes waarom die aandeleprys op die aandelebeurs baie hoër as die netto batewaarde per aandeel vertoon.

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/ onduidelike antwoorde

- Hoër markwaarde toon dat beleggers aandele in die maatskappy wil koop en die maatskappy as goeie belegging beskou./ Goeie finansiële prestasie verhoog beleggersvertroue en vraag na aandele.
- Hoër vraag en beperkte aanbod van aandele stoot aandeelpryse tot bo die NBW.
- Maatskappye met potensiale geleenthede om te groei word, hoër waardeer as die huidige bates besit.
- Die NBW word voorgestel deur bedrae aangeteken op 'n basis van historiese koste wat kan lei tot 'n onrealistiese of verouderde netto batewaarde.

4

3.5 Risiko en hefboom:

Verduidelik waarom dit wys sal wees as Refined Interiors Bpk. in die toekoms meer dikwels van lenings gebruik maak. Verduidelik en haal TWEE finansiële aanwysers aan.

Finansiële aanwysers met syfer/s en tendens ✓ ✓ Verduideliking/kommentaar ✓ ✓

- Skuld-ekwiteit-verhouding het gedaal/verbeter (van 0,2 : 1) tot 0,1 : 1
  Die maatskappy se afhanklikheid van geleende fondse het afgeneem.
  Dit toon 'n afname in die finansiële risiko.

- Opbrengs op totale kapitaal aangewend het gestyg/verbeter (van 23,7%) tot 35,3%/met 11,6 %-punte/met 48,9%.
  Dit dui op 'n positiewe hefboom vir die maatskappy aangesien die OOTKA hoër as die rentekoers op lenings (11,5%) is.
  Die maatskappy genereer voldoende fondse om die finansieringskoste te delg en steeds verhoogde winste aan aandeelhouers te lewer.

4

3.6 Aandeelhouding:

Bereken die uitreikprys per aandeel waarteen die nuwe aandele uitgereik is.		
BEWERKINGS		**ANTWOORD**
[23 250 000 – 11 250 000] 12 000 000 ✓ / 750 000 ✓	OF [23 250 000/750 000] R31 een punt – [11 250 000/750 000] R15 een punt	R16 ☑ een deel korrek

3

Bereken die getal nuwe aandele wat Nabeel aangekoop het.		
BEWERKINGS		**ANTWOORD**
[3 000 000 x 40%] 1 200 000 ✓✓ – 787 500 ✓	OF [3 000 000 x 5%] 150 000 twee punt + [750 000 X 35%] 262 500 een punt	412 500 ☑ een deel korrek
	OF 750 000 een punt x [13,75/25] 55% twee punt	

4

Gee EEN moontlike rede (met syfers) waarom Nabeel besluit het om die nuwe aandele te koop.

Enige EEN geldige rede ✓ syfer/s ✓

- Aangesien die markwaarde 717 sent hoër was as die NBW, het hy die maatskappy as 'n uitstekende belegging beskou. / Hoër markprys van 1 150 sent in vergelyking met NBW van 433 sent (in 2025) het hom oortuig om die aandele te koop.
- Om % aandeelhouding te verhoog en sy stemreg versterk, tot 40% .

2

3.7 Kontantvloei:

Die direkteure is tevrede met die maatskappy se netto verandering in kontantvloei op 31 Maart 2026. Verduidelik waarom hulle dit as 'n doeltreffende manier beskou om kontant in die bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite te hanteer. Gee EEN rede vir elk met syfers.	
AKTIWITEIT	**REDE ✓ ✓ ✓ (met syfers) ✓ ✓ ✓**
Bedryfs-aktiwiteit	Verhoogde kontantbronne (van R1 255 000) tot R5 200 000/met R3 945 000 (314%) toon doeltreffende bestuur van sy daaglikse bedrywighede.
Beleggings-aktiwiteit	Verbeterde niebedryfsbates (van R594 000) tot R2 947 000/met R2 353 000, wat toekomstige winste sal verhoog.
Finansierings-aktiwiteit	Befondsing verhoog (van R6 860 000) tot R10 000 000/ met R3 140 000, wat kontantposisie verbeter en verdere beleggingsgeleenthede moontlik maak.

6

TOTALE PUNTE
45

VRAAG 4:

4.1 **Verduidelik die rolle en verantwoordelikhede van die volgende, in verband met maatskappye:**

- **Raad van direkteure/Direksie**
- **Vergoedingskomitee**

Noem EEN punt in elke geval.

Raad van direkteure ✓	• Beveilig die maatskappy-bates en beleggings van aandeelhouers. • Hulle verseker dat die maatskappy wette en regulasies toepas. • Hersien die prestasie van die maatskappy om te verseker die gestelde doelwitte is bereik. • Evalueer en verantwoordelik vir die werwing van senior bestuur. • Hul formuleer die huidige doelwitte en langtermyn visie van die maatskappy. / Hul is betrokke by strategiese besluitneming. • Bepaal die rigting waarin die maatskappy beweeg deur strategiese besluitneming. • Magtiging van beduidende beleggings, aankope en projekte. • Identifiseer en monitor groot risiko's • Hersien en keur jaarlikse begrotings en finansiële planne goed. • Bevorder goeie korporatiewe bestuur binne die maatskappy.
Vergoedings-komitee ✓	• Formuleer 'n vergoedingsbeleid vir die senior bestuur. / Skep langtermyn en korttermyn aansporingsplanne. • Verseker die vergoeding van bestuurders aan wetlike en regulatoriese vereistes voldoen. / Vermy ongeregverdigde of oormatige uitvoerende vergoeding. • Hersiening en aanbeveling van mededingende vergoeding van bestuur. • Openbaarmaking van vergoeding van senior bestuur aan aandeelhouers. / Verseker deursigtige rapportering van direkteursvergoeding, • Verseker die akkurate en regverdige verdeel van toepaslike prestasiebonusse. / Besluit oor prestasie-verwante belonings. • Ontwerp vergoedingspakkette wat geskoolde werknemers sal behou of lok.

2

4.2 **Identifiseer die tipe onetiese en onwettige gedrag waaraan Jeppy homself skuldig gemaak het.**

Aanvaar verduideliking as antwoord

Binnehandel ✓

- Hy het vertroulike, pryssensitiewe inligting, wat nog nie beskikbaar is aan die publieke nie, vir sy eie gewin gebruik.
- Hy het 'n onregverdige voordeel verkry deur vertroulike, pryssensitiewe inligting te gebruik om homself te verryk.
- Hy het betrokke geraak by 'n onwettige handeling en homself daardeur verryk (persoonlike gewin) deur aksie te neem/te reageer op vertroulike inligting wat nog nie aan die publiek bekend gemaak was nie.

1

4.3 **Verduidelik kortliks TWEE maniere waarop Jeppy se optrede die maatskappy moontlik kan beïnvloed.**

Enige TWEE geldige verduidelikings ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige /onduidelike antwoorde

- Aandeelhouers mag vertroue verloor in die maatskappy en hul aandele verkoop.
- Die maatskappy se reputasie sal skade ly weens die onetiese gedrag, wat toekomstige beleggers sal ontmoedig.
- Ontmoedig potensiële aandeelhouers moet aandele te koop om soortgelyke situasie te vermy.
- Die markprys kan daal weens sy onetiese gedrag.

4

4.4 **Maak TWEE aanbevelings wat die ander direkteure aan die raad van direkteure en vergoedingskomitee moet voorlê in reaksie op Jeppy se gedrag.**

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige /onduidelike antwoorde

- Loots 'n interne ondersoek om die verbreking van die maatskappy se gedragskode vas te stel.
- Stel 'n meer omvattende etiese beleid vir die maatskappy voor.
- Gereelde, verpligte opleiding aan alle direkteure en senior bestuurders rakende etiese gedrag.
- Dissiplinêre maatreëls of regsaksie teen Jeppy geneem moet word en skorsing tot die saak opgelos is.
- Jeppy se vergoedings teruggehou moet word, hangende die uitslag van die ondersoek.

Moenie ontslag van Jeppy aanvaar nie.

4

4.5 **Effektiewe korporatiewe bestuur kan die risiko vir onetiese optrede deur direkteure verminder.**

Noem TWEE probleme wat met betrekking tot Top D Bpk. geïdentifiseer is en gee 'n oplossing vir ELK.

PROBLEEM ✓ ✓	**OPLOSSING** ✓ ✓
• Misbruik van toegang tot vertroulike inligting / Onvoldoende beheer oor vertroulike inligting / Misbruik van vertroulike inligting / Betrokke by bedrieglike of onwettige optrede.	• Direkteure moet vertroulikheidsooreenkomste onderteken / Alle handelinge deur direkteure moet hanteer word deur 'n nakomingsbeampte / Aankoop en verkoop van aandele moet beperk word tot geslote periodes.
• Tekort aan deursigtigheid / Botsende belange	• Senior bestuurders moet alle persoonlike of finansiële belange wat kan inmeng met hul professionele pligte verklaar.
• Onvoldoende kennis deur direkteure / Swak korporatiewe bestuursoorsig.	• Gereelde leierskapwerkswinkels rakende die gevolge van onetiese gedrag / Onderneem gereelde ondersoeke deur bestuur en verseker onafhanklike ondersoeke.
• Swak beheer oor aandele transaksies deur direkteure.	• Vestig 'n sisteem om aandele transaksies deur direkteure te monitor en openbaar te maak

4

TOTALE PUNTE
15

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou